

15 Februarie 2014

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:23 – 11:1
Teksgedeelte: 1 Korintiërs 10:30(1933/53- en 1983-vertaling)

Vryheid in dankbare verantwoordelikheid

Jesus Christus het my vrygekoop om vir Hom te lewe. Om te lewe vir my Here, is daarom prioriteit. Alles wat ek doen, moet tot sy eer geskied. Alles wat ek doen, is deel van my dankoffer aan my Here.

Die nuwe begin wat God in Christus gemaak het, moet nou deur my, sy kind, verder uitgedra word. Christus self gee die opdrag aan sy apostels voor sy hemelvaart (Matt. 28:19). Hierdie opdrag geld nie alleen vir sy apostels nie, maar ook die kerk wat op die getuienis van die apostels gebou is. Ook ek het die opdrag om die evangelie te verkondig.

Ons teksgedeelte het dan ook te doen met hierdie taak wat ons ontvang het. Dikwels dink ons dat verkondiging van die evangelie alleen met woorde te doen het. Ons teks wys egter daarop dat ook my besluite en optrede elke dag deel is van *getuie wees*.

Daarom wys Paulus daarop dat selfs iets soos die eet van vleis 'n rol kan speel. Hier gaan dit in besonder oor vleis wat aan 'n afgod geoffer is. Omdat alles aan die Here behoort, is dit nie nodig om navraag te doen oor die oorsprong van vleis voordat jy dit met dankbaarheid kan eet nie. Maar wanneer iemand jou daarop wys dat die vleis wel aan 'n afgod geoffer is, moet jy nie daarvan eet nie, ter wille van die persoon wat jou daarop gewys het. Alhoewel dit vir my geoorloof is om iets te doen, is dit nie altyd opbouend en nuttig om op my reg te staan nie. Baie mense sal aanstoot aan die evangelie neem, en dit is hulle probleem, maar dat mense *onnodig* aanstoot neem deur my manier van lewe, is my probleem.

Doen alles tot eer van God uit dank vir sy genade!

Sing: Psalm 138:1 (1936)

Ds GC (Gideon) Coetzee (Standerton/Vrede)